PRAAT SAAM OOR DIE HERE
HUISGODSDIENS RIGLYNE VIR GESINNE MET JONG KINDERS
GEREFORMEERDE KERK GRAAFF-REINET

"Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." DEUT. 6:5–7

3 September 2017

CHRISTELIKE TYDSBESTUUR

Maandag

Lees saam: Psalm 90

Ons sê baiekeer "ek het nie tyd nie!" of "ek is nét te besig!" Goed, maar waarmee is ons besig? Wat is dit wat ons tyd so opeet? Baie mense besef nie die waarde van tyd nie…baie Christene *mors* kosbare tyd! Christene moet hulle tyd bestuur. Ons is rentmeesters van ons tyd. Dit leer Psalm 90 ons, onder andere.

In Psalm 90, 'n Psalm van Moses, leer die Here ons deur Sy Gees, dat Hy ewig is. En teenoor God en Sy ewigheid, staan die verganklike, tydelike mens. Hoekom vergaan mense? Hoekom gaan mense dood? Dit is die gevolg van ons sonde. Ons lees dit al in Genesis 3, dat die mens sal sterwe weens sy ongehoorsaamheid. Dit is God se toorn en wraak oor die sonde, wat so dodelik is! God verdra en verduur nie die sonde nie – Hy wis dit uit! Die Blye Boodskap, is dat Christus hierdie wraak van God oor ons sonde, op Christus uitgegiet het. Aan die kruis, het Jesus vir ons *tyd* met sy bloed gekoop!

Eers as ons dit verstaan, dan eers besef ons die waarde van tyd. Tyd is kosbaar, duur gekoop met die bloed van Christus. Ons kan nie tyd bekostig nie. Ons kan nie, al het ons miljoene Rande, selfs een sekonde by God koop nie. Dit is hoekom ons dit nie mag mors nie, maar dit moet bestuur!

Hoe moet Christene hulle tyd bestuur? Psalm 90 leer ons. Christelike tydsbestuur begin by gebed. *Christelike tydsbestuur gaan nie oor hoeveel dinge ek in een dag gedoen kry nie*. Nee, dit gaan oor *hoe naby ek aan God kan lewe, vandag*. Dit gaan oor *hoe ek al hoe meer soos Christus kan word, vandag*. Daarom begin Christelike tydsbestuur by gebed.

Waarvoor moet ons bid?

i. Bid dat God jou sal leer, om elke dag te maak tel – asof dit jou laaste dag op aarde is (vers 12). Hierin lê wysheid.

ii. Bid dat God se troue liefde en genade (Sy goedertierenheid, ontferming, heerlikheid) mag sigbaar word in jou en jou nageslag se lewe (vers 13-17).

iii. Bid en werk[1]. Bid dat jou handewerk bevestig mag word – dat God selfs daardie klein en nietige werkies sal seen, want dan het dit ewigheidswaarde!

[1] Latynse gesegde: ora et labora! Bid en werk!

Sing: Psalm 90:1,2

Woensdag

Lees saam: Efesiërs 5:1-21

Die Psalms is van terapeutiese waarde. Daar is vandag soveel deurmekaar emosies en mense vind dat die psalms hierdie verskillende emosies kragtig hanteer.

- Die psalms balanseer Goddelike openbaring en menslike emosies.

Sommige Christelike liedere is emosioneel roerend, maar het maar min teologiese inhoud. Die hart, maar nie die denke nie, word betrek. Soms kry ons ook die teenoorgestelde: baie teologiese feite, maar dit raak nie die persoon se gevoelens nie. In die psalms kry ons 'n balans – die objektiewe en subjektiewe word volmaak gabalanseer. Gereeld lees ons: "Loof die Here vir …" Daarna volg redes en motiverings vir die lof.

- Psalms ondersoek die volle omvang van menslike emosies

In die psalms kry ons 'n onvergelykbare mengsel van menslike emosies: hartseer en vreugde, twyfel en vertroue, eensaamheid en gemeenskap, wanhoop en hoop, vrees en moed, mislukking en oorwinning, klagtes en lof, ens. Calvyn sê dat die psalms "'n anatomie van al die dele van die siel is." Hy sê dat daar nie 'n emosie is wat nie daar verteenwoordig is nie.

- Die psalms skilder 'n realistiese beeld van Christelike emosies

Die psalms skilder nie die Christelike lewe as die een oorwinning na die ander nie. Baie van die hedendaagse musiek is net positief – dit verskil van dit wat Christene in die ware lewe ondervind. Uiteindelik mag dit tot sinisisme en twyfel lei. In die psalms, daarenteen, kry ons eerlikheid. Hierdie sterk uitdrukking van die mens se emosies mag ons aanvanklik ontstel, maar gou vind ons psalms wat uitdrukking gee aan wat ons dink, voel en ondervind in ons daaglikse lewens...

Oorgeneem vanaf: http://www.bybelkennis.co.za/wat-sing-ons/

Sing: Psalm 90:1,3

PRAAT SAAM OOR DIE HERE

HUISGODSDIENS RIGLYNE VIR GESINNE MET JONG KINDERS

GEREFORMEERDE KERK GRAAFF-REINET

"Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." DEUT. 6:5–7

Jou naam:_____

Vrydag

Lees saam: Heidelbergse Kategismus Sondag 22 & Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 37



1. Wat bely ons in die Nederlande Geloofsbelydenis oor die laaste oordeel en opstading – vul verder in, soos dit in Artikel 37 staan:

"Ons glo ten slotte, in ooreenstemming met die _____ van God, dat, wanneer die _____ gekom het wat die _____ bepaal het - dié tyd is vir alle _____ _____ - en die _____ _____ volledig sal wees, ons Here _____ _____ met groot heerlikheid en majesteit uit die hemel sal kom, _____ en _____, soos Hy _____ het (Hand. 1:11), om Homself as _____ oor die _____ en _____ aan te kondig, terwyl Hy hierdie ou wêreld aan _____ en vlam sal prysgee om dit te _____."

2. Noem 'n voorbeeld wanneer 'n mens tyd *mors*? _____

3. Wat beteken dit, as Psalm 90 sê ons moet ons tyd *bestuur*?

_____

_____

4. Wat is die prys van tyd - wat kos tyd? Kan ons dit bekostig? Wie het vir ons tyd gekoop en hoe?

_____

_____

_____

5. Waar of vals?

- Ons moet ons tyd reg bestuur, want ons is *rentmeesters* daarvan Waar/ Vals
- Christelike tydsbestuur begin by *gebed* Waar/Vals
- Christene moet net bid en nooit werk of iets anders doen nie Waar/Vals

6. Wat is drie dinge, wat jy in die preek gehoor het, waarvoor ons moet bid, sodat ons ons tyd reg kan bestuur[2]?

I. _____
II. _____
III. _____

Sing: Psalm 90:1-3

[2] Word ook weer genoem in Maandag se huisgodsdiens